

Kriteria vir die aanstelling van nasieners

1. Inleiding

- 1.1 Die aansoek- en aanstellingsproses word beheer deur die *Regulasies betreffende die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* 37651 van 16 Mei 2014, soos gewysig op 30 April 2019, en die *Personeeladministrasiemaatreëls*, gepubliseer in *Staatskoerant* 46879 van 09 September 2022. Bogenoemde Regulasies het ten doel om te verseker dat die beginsels van assesserings, naamlik geldigheid, betroubaarheid en billikheid vir alle kandidate, in al die prosesse van die nasionale eksamensiklus gehandhaaf word.
- 1.2 Een sodanige sleutelproses is die norme en standaard vir die aanstelling van nasieners. Die betroubaarheid van nasieners tydens die nasienproses is noodsaaklik. Dit verseker dat die nasienriglyne waarvoor op nasionale vlak ooreengekom is, akkuraat, konsekwent en billik toegepas sal word vir alle kandidate in 'n belangrike, deurslaggewende eksamen soos die Nasionale Senior Sertifikaat.
- 1.3 Opvoeders word ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) as nasieners deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangestel. Alle aansoekers moet die kriteria wat hieronder volg, sorgvuldig deurlees voordat hulle om enige betrekking as nasieners aansoek doen.
- 1.4 Ingevolge die bogenoemde Regulasies, mag die Hoof van Onderwys die kriteria vir die aanstelling van nasieners wysig en/of verslap.

2. Kriteria vir aanstelling as interne moderators en hoofnasieners

Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **interne moderator** en **hoofnasieners**, moet oor die volgende beskik:

- 2.1 'n Minimum van **aght jaar se onderrigervaring**.
- 2.2 Minstens **vyf jaar onderrigervaring in die vak** waarvoor aansoek gedoen word, asook die voltydse onderrig van die vak waarvoor aansoek gedoen word aan graad 12-leerders by 'n skool/inrigting volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) gedurende minstens **twee van die volgende jare**: 2019, 2020, 2021, 2022 en 2023.

- 2.3 'n Minimum van altesaam **sewe jaar se nasienervaring** in die vak waarvoor aansoek gedoen word.
- 2.4 In die geval van **interne moderators** is ervaring as 'n interne moderator, hoofnasiener of adjunkhoofnasiener in vorige jare 'n vereiste.
- 2.5 In die geval van **hoofnasieners** is ervaring as 'n interne moderator, hoofnasiener of adjunkhoofnasiener in vorige jare 'n vereiste.
- 2.6 Die kriteria wat in punt 2.4 en 2.5 uiteengesit word, kan verslap word vir sekere vakke waarvoor daar nie 'n adjunkhoofnasiener en/of senior nasiener is nie.
- 2.7 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders (skool-/inrigtinggebaseer) wat tans op 'n voltydse basis graad 12-leerders by 'n skool/inrigting onderrig en/of oor die KABV adviseer (kantoorgebaseer) vir die betrekking as hoofnasiener, op voorwaarde dat hulle oor die vereiste vaardighede, kennis en ingesteldheid beskik.
- 2.8 Aansoekers wie se aanstellings as interne moderator of hoofnasiener suksesvol was, moet hulself beskikbaar stel om verantwoordelikhede te aanvaar as eksaminator, moderator en nasiener van die bevoegdheidstoets vir daardie vak vir die bevoegdheidstoets siklus vir 2023/4.

3. **Kriteria vir aanstelling as adjunkhoofnasieners**

Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **adjunkhoofnasiener** moet oor die volgende beskik:

- 3.1 'n Minimum van **aght jaar se onderrigervaring**.
- 3.2 Minstens **vyf jaar onderrigervaring in die vak** waarvoor aansoek gedoen word, asook die voltydse onderrig van die vak waarvoor aansoek gedoen word aan graad 12-leerders by 'n skool/inrigting volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) gedurende minstens **twee van die volgende jare**: 2019, 2020, 2021, 2022 en 2023.
- 3.3 Minstens **drie tot vyf jaar ervaring as 'n nasiener** en 'n minimum van **twee jaar ervaring as 'n senior nasiener** (altesaam vyf jaar nasienervaring) in die vak waarvoor aansoek gedoen word.

4. **Kriteria vir aanstelling as senior nasieners**

Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **senior nasiener** moet oor die volgende beskik:

- 4.1 'n Minimum van **vyf jaar se onderrigervaring**.

4.2 Minstens **twee jaar onderrigervaring in die vak** waarvoor aansoek gedoen word, asook die voltydse onderrig van die vak waarvoor aansoek gedoen word aan graad 12-leerders by 'n skool/inrigting volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) gedurende minstens **twee van die volgende jare**: 2019, 2020, 2021, 2022 en 2023.

4.3 Minstens **drie jaar ervaring as 'n nasiener** in die vak waarvoor aansoek gedoen word.

5. **Kriteria vir aanstelling as nasieners**

Aansoekers wat aansoek doen om die **betrekking as nasiener** moet oor die volgende beskik:

5.1 'n Minimum van **twee jaar se onderrigervaring**. Beginnernasieners kan in die tweede jaar wat hulle die vak onderrig, aansoek doen.

5.2 Minstens **twee jaar onderrigervaring in die vak** waarvoor aansoek gedoen word, asook die voltydse onderrig van die vak waarvoor aansoek gedoen word aan graad 12-leerders by 'n skool/inrigting volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) gedurende minstens **twee van die volgende jare**: 2019, 2020, 2021, 2022 en 2023.

6. **Algemene kriteria wat op alle aansoekers van toepassing is**

6.1 Onderrigervaring verwys na 'n volle akademiese jaar en nie slegs 'n gedeelte daarvan nie.

6.2 Alle aansoekers moet oor 'n minimum erkende driejaar-onderwyskwalifikasie beskik, met die vak waarvoor (as nasiener) aansoek gedoen word, op minstens **tweedejaarsvlak, maar verkieslik op derdejaarsvlak**. Alle aansoekers moet 'n afskrif van hul akademiese rekords indien.

6.3 Aansoekers moet die vak by 'n skool/inrigting onderrig wat graad 12-leerders vir die NSS-eksamen voorberei.

6.4 Die aansoeker se skool moes gedurende die vorige NSS-eksamen 'n slaagsyfer van **minstens 70%** in die vak behaal het.

6.5 Aansoekers wat aansoek doen om vakke met meer as een vraestel na te sien, moes alle komponente van die vak in die kurrikulum onderrig het. Dit sluit die volgende vakke in, maar is nie beperk daartoe nie: Tale, Geskiedenis, Godsdiensstudies, ens.

- 6.6 Aansoekers wat aansoek doen om Vraestel 2 (Letterkunde) in die Tale na te sien, moes al die werke wat vir die eksamen voorgeskryf is, gelees, onderrig en bestudeer het, en nie slegs die boeke wat die leerders by hul eie skole/inrigtings bestudeer nie.
- 6.7 Indien daar gedurende enige van die nasientydperke 'n aantekening gemaak is oor nasienamptenare wat nie aan die vereiste nasienstandaard voldoen het nie of nie die gepaste ingesteldheid openbaar het nie, sal hierdie amptenare nie weer in aanmerking kom vir heraanstelling nie.
- 6.8 Die WKOD sal die aanstelling van enige persoon beëindig wat nie sy/haar rolle en/of verantwoordelikhede met betrekking tot die vereiste nasienstandaard of as 'n aangestelde nasienamptenaar tydens enige van bogenoemde nasiensituasies nakom nie.
- 6.9 Die kontrak van 'n nasienamptenaar wat nie meer aan die aanstellingskriteria voldoen nie, sal onmiddellik beëindig word.
- 6.10 Alle nasienamptenare moet op die eerste dag van die nasientydperk die antwoorde op die vrae in die vraestel wat hulle gaan merk aan die hoofnasiener verskaf. Die WKOD mag die aanstelling van 'n nasiener wat nie hieraan voldoen nie, onttrek. Hierdie vereiste sluit nasieners uit wat Vraestel 3 van die Tale merk. Hierdie nasieners moet hulself egter vergewis van die onderwerpe in die betrokke eksamenvraestel.
- 6.11 'n Persoon wat uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement geskors is tydens die aanstellingsproses van nasieners tot en met die nasientydperk, se aanstelling as 'n nasienamptenaar sal onmiddellik beëindig word. Die onus is op die vermelde persoon om die WKOD onmiddellik van sodanige sanksie in te lig. Versuim om dit te doen, sal beteken dat die amptenaar hanteer sal word ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) of enige ander tersaaklike wetgewing.